

Maandag 5 Junie

Skrifgedeelte: Genesis 21:1-7; Romeine 4:13-25

Fokusgedeelte: Genesis 21:1, 2

Genade en eer met die wondergeboorte van 'n verbondskind

In sy genade het God aan Sara gedink. Uiteindelik, soos Hy belowe het, is Isak as verbondskind gebore. Sy geboorte was 'n wondergeboorte – lewe uit die doodstoestand van 'n onvrugbare huwelik.

Deur die vervulling van die belofte uit te stel, word die onmoontlikheid van normale bevrugting en geboorte beklemtoon. Hierdie wagtyd was nie net toetsing van geduld en geloof nie. Hulle moes gelowig op Hom wag. Deur Isak se geboorte word Abraham die stamvader van Israel – ook die stamvader van Christus. In die geboorte van Isak het Abraham die dag van Christus gesien en hom verbly (Joh. 8:56).

Abraham het teen hoop op hoop geglo. Hy het nie in ongeloof aan God se belofte begin twyfel nie. Ten spyte van kleingeloof het God in sy genade hom opgetel en gedra tot Isak gebore is. Hy (en Sara) is deur die Heilige Gees versterk en ten volle oortuig dat God in sy almag sal doen wat Hy belowe het. Hy het aan God die eer gegee (Rom. 4:17-21).

Genadiglik gee God die geloof, en deur sy Woord en Gees hou Hy dit in stand (Ef. 2:8). Geloof is om aan die onsigbare, onverklaarbare vas te hou ten spyte van die harde werklikheid. Sara se lag by die aankondiging was anders as by die geboorte van Isak. In haar vreugdevolle lag eer sy God wat teen menslike verwagting in dié wondergeboorte bewerk het.

Ons raak nie gefrustreerd oor dinge wat in die toekoms voorlê nie. Hierdie wagtyd spoor ons aan, dring ons om daaraan vas te gryp (ewige lewe). Soos 'n atleet in die wedloop fokus ons op die wenpaal. Die inspanning en uitputting ondervind ons anders as iemand wat nie die insig, vooruitsig en vertroue op God het nie. Só werklik is ons gemeenskap met God dat ons vooruitgryp na dit wat belof is. Alles is net genade tot eer van God.

Sing: Psalm 27-1:1, 4, 6; 128-1:1-4

Ds. WP van der Merwe (Willem) (emeritus)